*Internationale Zeitschriftenschau für Bibelwissenschaft und Grenzgebiete*, 1951/2. Heft 1. Stuttgart, Katholisches Bibelwerk, 196 pp.

Aan hierdie uitgawe het dosente en studente van die Protestantse en van die Rooms-Katolieke fakulteit te Tübingen meegewerk. Sodoende het 'n buitegewoon nuttig werktuig tot hulp van elkeen wat hom met wetenskaplike Bybelstudie besig hou, tot stand gekom. Vir die enkeling is dit onmoontlik om hom op die hoogte te stel van alles wat in allerlei lande en tale op die gebied van die Bybelse wetenskappe verskyn nie, en al gee die uitgewers toe dat met hierdie eerste uitgawe die volmaaktheid nog lang nie bereik is nie, tog sal ieder wat hom met 'n bepaalde Skrifgedeelte besig hou in hierdie werk verwysings vind wat vir sy studie van groot belang kan wees. Vir elke Ou- en Nu-testamentikus is hierdie werk onontbeerlik.

Verskillende steekproewe het ons geleer dat die korte weergawes van die inhoud van vermelde tydskrifartikels as baie betroubaar kan geld. Helaas is die getal drukfoute waar name en titels in 'n voor die setter minder vertroude taal gegee word, groter as wat mens sou wens. Ons eie tydskrif word op p. IX onder nr. 150 vermeld as „Herformde Theologiese Studies", derhalwe met twee foute! So het ons ook op p. XI onder nr. 217 „Nederlands Katholik Stemmen" opgeval. Maar hierdie soort van „kindersiektes" neem niks weg van die feit dat ons hier 'n voortreflike instrument by ons studies ontvang, waarvan ons dankbaar gebruik moet maak.

A. VAN SELMS.